# GENADEDOOD

Dok Jan van Wyk     11 Maart 2025

**Wat word bedoel met genadedood?**

Genadedood word gedefinieer as die verhaasting van die dood van 'n pasiënt met die doel om verdere leiding te voorkom.

**Aktiewe genadedood** verwys na die dokter se doelbewuste handeling, gewoonlik deur die toediening van dodelike middels om die terminaal siek pasiënt se lewe te beëindig.

**Passiewe genadedood** verwys na die weerhouding of onttrekking van behandeling wat nodig is vir die handhawing van 'n lewe.

Daar is 3 tipes aktiewe genadedood m.b.t. tot die gee van toestemming vir genadedood, nl. vrywillige genadedood – dit is op die pasiënt se versoek

Nie vrywillige genadedood – dit is sonder die pasiënt se toestemming, en

Onwillekeurige genadedood – die pasiënt is nie in 'n posisie om toestemming te gee nie.

Algemene toestande wat daartoe lei dat pasiënte dat genadedood soek is terminaal siek kanker pasiënte, vigs pasiënte, en ander terminaal siek toestande waar daar geen aktiewe behandeling voor is nie.

Faktore wat verantwoordelik is van so 'n besluitneming word as fisiese en psigologiese faktore geklassifiseer.

Fisiese toestande wat die lewenskwaliteit by hierdie pasiënte beïnvloed is ondraaglike pyn, naarheid en braking, probleme om te sluk, verlamming en asemhalingsprobleme.

Sielkundige faktore sluit in depressie, vrees vir verlies van selfbeheer of waardigheid of afkeur daarvan om afhanklik van ander te wees.

Passiewe genadedood word in die algemeen wêreldwyd aanvaar.

Aktiewe onwillekeurige genadedood is byna in alle lande onwettig behalwe in lande soos Nederland, België en paar ander lande. Die beoefening daarvan word in die meeste lande as kriminele manslag beskou. Daar word beweer dat genadedood bestem is om die dominante etiese kwessie van ons hedendaagse kultuur te word.

In Amerika bleik dit dat die debat rondom die genadedood die debat m.b.t. tot aborsie vinnig verbygesteek het as die mees omstrede sosiale kwessie.

Sowat 60-75% van die algemene publiek ondersteun die reg om te sterf. Die regering, kerke en die Amerikaanse mediese vereniging is egter streng en uitdruklik daarteen gekant. Benewens die openbare debat vind die hedendaagse pastoor of leraar hom ook voortdurend met vrae in die verband te konfronteer.

Vrae wat al gevra is sluit in:

Is dit vir my onbybels om te vra moenie my aan masjiene koppel om my aan die lewe te hou nie, of

Mag ek as Christen wyer om aan 'n masjien gekoppel te word aangesien ek in elk geval binnekort gaan sterf, of

Mag ons vir dokter vra om 'n familielid wat in 'n koma is se pasaangeër afgeskakel word aangesien dit die enigste ding is wat hom aan die lewe hou.

Dan ook die vraag wat sal God my toelaat om te doen om die toenemende fisiese pyn wat ek ervaar te hanteer.

Miskien was jy al in so posisie waar jy met jou gesin of dierbares moes beraadslaag oor so 'n vraag. Ja, jy moes dalk al besluite in die gesig staar m.b.t. dierbare en ook gewonder wat skriftuurlik en moreel korrek sal wees.

Natuurlik is 'n mens in sulke gevalle baie emosioneel en is dit moeilik om objektiwiteit te handhaaf. Daarom is dit belangrik dat sekere riglyne voor die tyd neergelê word. Riglyne waar jy stewig kan aan

vasklou wat die storm van emosies in krisistye sal weerstaan. Dit is ‘n saak waarin jou oortuigings en morele beginsels op die aambeeld van die Skrif uitgehamer moet word sodat jy nie in die maalstroom van die werklike krisis nie jou beginsels sal laat vaar nie deurdat jy verkeerde besluit neem wat op die krisis van die situasie bepaal is in stede van op God se Woord.

Omdat ek verbind is tot die waarheid dat die Bybel die Woord van God is en as sodanig moet ek my Christelike denke en aksies oor alle lewensvrae insluitend genadedood daarvolgens rig.

<u>2 Tim 3:16-17</u> – “*16 Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, 17sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.”*

Dus moes die gevolgtrekkings waartoe ons uiteindelik kom uit en ooreenstemmend met die Skrif kom. Hierdie stryd tussen die begeerte om leiding te beëindig en die begeerte om te oorleef is nie iets nuuts vir die mensdom nie. Trouens een van die oudste verhale in die Bybel vertel van Job se verlange na die dood te midde van sy leiding.

Job betreur sy lewe en vra selfs vir God om hom dood te maak, eerder as om toe te laat dat sy pyn emosioneel, fisies en geestelik voortduur.

<u>Job 6:8-11</u> – *“**Job wens dat hy mag sterwe: sy toestand, dink hy, is hopeloos.** 8AG, mag my bede maar uitkom, en mag God my verwagting maar gee! 9En mag dit God behaag om my te verpletter, sy hand uit te strek en my af te sny! 10Dan sou ek nog troos hê; ja, ek sou van vreugde opspring in onbarmhartige smart; want die woorde van die Heilige het ek nie verloën nie. 11Wat is my krag, dat ek sou kan wag; en wat my uiteinde, dat ek geduldig sou wees? 12Is my krag 'n krag van klip of my vlees van koper? 13Is ek dan nie hulpeloos in myself nie, en is redding nie vir my weggedrywe nie?”*

<u>Job 7:15-16</u> – “*15sodat ek die verwurging verkies, die dood meer as hierdie geraamte van my. 16Ek verfoei my lewe. Nie vir altyd sal ek lewe nie: laat my met rus, want my dae is nietigheid.*”

Duidelik verklaar Job dat hy verkies die verwurging en die dood meer as hierdie geraamte of liggaam van my. Hy sê hy verfoei sy lewe. Die vraag is nou onderskryf die Bybel nou Job se gevoelens. Die Bybel erken beslis dat sulke gevoelens bestaan.

Ander Bybel karakters het ook in desperaatheid gevra vir ‘n vroeë einde aan hulle lewens.

Ons lees van Elia in <u>1 Kon 19:4</u> – “*maar self het hy 'n dagreis ver die woestyn ingegaan en daar onder 'n besembos gaan sit en gewens dat hy mag sterwe. En hy sê: Dit is genoeg, neem nou my siel weg, Here, want ek is nie beter as my vaders nie.”*

En ook van Saul in <u>1 Kron 10:4</u> – “*En Saul het aan sy wapendraer gesê: Trek jou swaard uit en deurboor my daarmee; anders kom hierdie onbesnedenes en dryf die spot met my. Maar sy wapendraer wou nie, omdat hy baie bevrees was. Daarop neem Saul die swaard en val daarin.”*

Die Skrif erken dat emosie of logika moontlik die idee van ‘n genadedood kan ondersteun, maar ons leef egter nie deur emosie of logika nie, maar deur geloof.

<u>Rom 1:17</u> – “*Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.”*

God het planne en ‘n begrip wat ons nooit kan begryp nie. Hy is die gewer en die onderhouer van lewe en ons het nie die reg om Sy gesag toe te eien nie.

<u>Neh 9:6</u> – “*U is alleen die HERE, Ú het die hemel, die hoogste hemel en al sy leërskare, gemaak, die aarde en alles wat daarop is, die seë en alles wat daarin is, en U hou dit alles in die lewe, en die leër van die hemel buig hulle voor U neer.”*

Die Bybel leer duidelik dat God soewereine beheer oor lewe en dood het.

<u>Deur 32:39</u> – “*Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie; Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit my hand red nie.”*

<u>1 Sam 2:6</u> – “*Die HERE maak dood en maak lewend; Hy laat neerdaal in die doderyk en laat daaruit opkom.”*

<u>Ps 31:16</u> – *“My tye is in u hand; red my uit die hand van my vyande en van my vervolgers.”*

As die Soewereine God oor lewe en dood verklaar die Here in Heb 9:27 – *"En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel,"*

Tot die wederkoms van die Here moet **elke mens** die dood beleef. Die dood vir die kind van God is die poort na die teenwoordigheid van Christus. Daarom sê Paulus in 2 Kor 5:8 – "*Maar ons het goeie moed en verkies om liewer uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon."*

Fil 1:21 – *"Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins."*

Maar vir die nie-Christen is dit die ingang na die doderyk en uiteindelik die 2de dood.

Open 20:13-15 – "*13En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. 14En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. 15En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp."*

Die Bybel gee duidelike riglyne m.b.t. besluite oor die dood.

**Eerstens** is die dood onvermydelik.

Pred 3:2 – *"'n tyd om gebore te word en 'n tyd om te sterwe, 'n tyd om te plant en 'n tyd om uit te roei wat geplant is,"*

Daarom moet elke persoon voorbereidings tref vir die dood deur seker te maak dat hy is geestelik gereed daarvoor.

**Tweedens** is die dood 'n vyand.

1 Kor 15:26 – "*Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood."*

Daarom wanneer die hoop op herstel deur mediese behandeling 'n moontlikheid bly moet die gelowige elke geleentheid benut om die dood te voorkom sodat hy kan voortgaan om die Here te dien.

**Derdens**, doodgaan is 'n proses.

Heb 11:21-22 – "*21Deur die geloof het Jakob op sy sterfbed altwee die seuns van Josef geseën; en hy het aanbid terwyl hy leun op die knop van sy staf. 22Deur die geloof het Josef aan die einde van sy lewe melding gemaak van die uittog van die kinders van Israel en bevel gegee aangaande sy gebeente."*

Daarom wanneer dit redelik seker is dat 'n pasiënt se siekte ongeneeslik is moet maatreëls daar gestel word wat ontwerp is om fisiese pyn te beheer, om kos en water te verskaf, gereelde higiëniese sorg moet gegee word en persoonlike interaksie om verstandelike emosionele en geestelike stimulasie te verseker, moet voorsien word.

**Vierdens** is lyding deel van die huidige aardse lewe en dood.

Rom 8:18 – "*WANT ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie."*

2 Kor 4:17-18 – "*17Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid; 18 omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig."*

1 Pet 5:10 – "*EN mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus, nadat ons 'n kort tyd gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves!"*

Daarom sal die kind God geduldig enige pyn verduur, veral aan die einde van die lewe. Pyn sal nooit vir die ware kind van God die rede word om die onbybelse daad van genadedood te pleeg nie. Daarom is dit noodsaaklik dat ons as medegelowiges, medelye met die sterwendes betoon.

Die voorstanders van genadedood beweer dat hulle barmhartigheid wil te toon deur diegene in pyn te help om gouer te sterf. Maar hierdie vermeende uitdrukking van barmhartigheid weerspreek die opdragte van die God van alle barmhartighede.

**Eerstens** in plaas daarvan om genadedood te implementeer, moet Christene barmhartigheid aan die dag lê terwyl ons vir die sterwendes onder ons bid, hulle besoek en hulle versorg.

**Tweedens** om in vrede te sterf moet gelowiges God vertrou. Dit is nie genadedood wat ‘n vredevolle dood bewerkstellig nie. Dit is eerder die Christen wat tot in die dood sy geloof in die Here behou en hierdie aardse lewe met blydskap verlaat wat in vrede en vreugde sterf.

**Ten slotte**

Pred 8:8 – *“Daar is geen mens wat heerskappy het oor die wind om die wind teë te hou nie, en niemand het mag oor die dag van die dood nie,”*

God het die laaste sê oor die dood en genadedood is die mens se poging om daardie gesag van God weg te neem.

God het gesê ons mag nie doodmaak nie!